***In die Galilese hongerdorpie:***

### *Die leeggeroofde dorpie. Die hebsug en hardheid van koning Herodes*

**132** Veral in die markplekke en dorpies heers groot ellende en dit was aan die mense wat daar onder allerlei laste gebuk gaan, goed op te merk. Fisies en geestelik was hulle verward en hulle kwyn weg soos skape tussen die wolwe sonder ook maar één herder. *(Matthéüs. 9:36)* Omdat die ontreddering van die arm volke besonder baie medelye by My opwek, sê **Ek**, net soos by die bron in Sigar: "Die oes is groot; maar daar is maar min arbeiders! *(Matthéüs. 9:37)* Vra daarom aan die Meester dat Hy arbeiders stuur vir die oes! Want hierdie armes is ryp vir die Ryk van Elohim en die akker waarop hulle staan is groot. Hulle smag en snak na die Lig, Waarheid en Verlossing! Maar arbeiders, arbeiders! Waar is hulle te vinde?! *(Matthéüs. 9:38)*

[2] **Die leerlinge** sê: "Meester, as U ons bekwaam genoeg vind, sou ons dan nie almal afsonderlik op ons weg kan gaan en elkeen `n stad of `n mark besoek nie?" Daarop sê **Ek**: "Ons is nou op pad na een van die armste dorpies. Sodra ons die dorp bereik het, sal Ek die vaardigste en die kragtigste van julle uitstuur na die baie streke en plekkies en **julle sal dan al die dinge doen wat Ek doen** en in julle teenwoordigheid gedoen het. Maar laat ons nou vinnig na die dorpie gaan!"

[3] Binne `n halfuurtjie het ons die dorpie bereik, en daar tref ons werklik `n ondenkbare ellende aan. Ouers en kinders loop letterlik naak rond en bedek by gebrek aan iets beters hulle skaamte met blare. Toe die dorpelinge ons sien aankom, hardloop almal, groot en klein, jonk en oud, ons tegemoet en smeek ons vir `n aalmoes; want dit ontbreek hulle aan alles. Kinders huil en hou hulle hande op hulle magies; want hulle het baie honger, omdat hulle al twee volle dae geen kos gehad het nie en die ouers was wanhopig, ten dele deur hulle eie knaende honger en nog meer vanweë hulle kinders wat om brood en melk vra.

[4] **Petrus,** wat diep bewoë was deur hierdie gesig, vra aan `n ou man wat daar opreg uitgesien het: "Vriend, wie het julle in so `n ellende gestort? Hoe het julle in so `n toestand gekom? Was daar `n vyand by julle wat alles geroof het en, soos ek sien, selfs julle huise op die skandaligste manier verwoes het? Want ek sien slegs maar mure, waarop geen dakke en solders is nie, en julle voorraadskure, wat aan my welbekend is, lê in puin. Hoe, hoe het dit tog gebeur?"

[5] Toe sê die ondervraagde man met `n huilende stem: "O liewe en sekerlik goeie mense! Dit is deur die grenslose hardheid en hebsug van die pag-koning Herodes gedoen! Sy vader was die linker- en hy is die regterarm van die satan. Ons kon die verlangde belasting nie betaal wat hy tien dae gelede van ons geëis het nie; sy geregsdienaars gee ons toe ses dae uitstel. Wat is ses dae egter? Gedurende hierdie tyd eet die geregsdienaars byna ons hele en beste voorraad op, en op die sewende dag neem hulle, omdat ons die verlangde belasting onmoontlik kon betaal en kon nie voldoen aan sy voorwaardes nie, alles wat ons gehad het en laat ons nog ternouernood slegs die naakte ellendige lewe oor! O vriende, dit is hard, ongenaakbaar hard! As Elohim ons nie help nie, dan verhonger ons vandag nog tesame met ons kinders! Help ons tog soveel as wat dit vir julle moontlik is! As die slegte knegte van Herodus ons maar nie tot op ons naakte liggaam uitgetrek het nie, dan kon ons ten minste nog gaan bedel het; maar waar kan ons in hierdie toestand nou heengaan? Vir ons kinders is dit in al die rigtings te ver om te gaan; en ons is, soos julle sien, algeheel naak! O Elohim, o Elohim, waarom moet juis ons so ontsettend in die ellende gestort word? Aan watter van al ons sondes het ons hierdie straf te wyte, o Elohim?"

[6] Toe gaan **Ek** na die ou man en sê: "Vriend! Dit het julle nie te wyte aan julle sondes nie, dit is vir Elohim die geringste van die hele Israel, maar dit het die Liefde van Elohim julle aangedoen!

[7] Julle was weliswaar die suiwerste mense in Israel; maar daar kleef tog nog verskeie wêreldse luste aan julle siel. Elohim, wat julle liefhet, sien dit en wil julle in één keer van al die wêreldse bevry, sodat julle nou geheel-en-al in staat sal wees om die barmhartigheid van julle Vader in die hemele te aanvaar. Dit het nou gebeur, en julle is nou vir altyd veilig van Herodes. Want diegene wat hy volledig laat beroof, laat hy nooit weer belasting betaal nie; want daardie onderdane wat tot die bedelstaf gebring word, word geskrap uit die belastingboek.

[8] So sien julle dat julle nou op één slag vry is van al die wêreldse! Dit is die grootste weldaad van Elohim aan julle en julle kan julle nou heeltemal begin besig hou met die sorg van julle siele.

[9] Maar Ek sê vir jou: Bou in die toekoms geen duur, uitstaande huise nie, maar gaan woon in armsalige hutjies, en dan sal niemand van julle belasting eis nie, behalwe die koning van Rome, wat slegs die reg daartoe het; en hy vra slegs twee tot drie honderdstes. As julle dit dan het, dan kan julle dit gee en het julle niks, dan is julle vry. Maar later sal ons nog meer daaroor sê.

[10] Gaan nou egter na julle daklose huise; daar sal julle kos en klere vind! Voed en klee julle en kom dan terug, en Ek sal dan nadere besonderhede met julle bespreek!”

### *`n Voedsel- en kledingwonder. JaHshua en die kind wat profeteer*

**133** Sodra die armes dit hoor, gaan hulle dankbaar en gelowig na hulle half-vernielde huise en is stom van verbasing wanneer hulle op die tafels goeie en voldoende kos sien staan en ook allerlei kleding vind vir oud en jonk, groot en klein en verskillend vir die twee geslagte. Elkeen vra aan elkeen hoe dit gebeur het. Niemand weet die antwoord nie.

[2] Maar as hulle ook hulle voorraadkamers goed gevul vind, sê die **vrouens en kinders aan** die manne: “Dit het Elohim gedoen! Hy, wat in die woestyn veertig jaar lank manna laat reën het en op daardie wyse Sy kinders goed te ete gegee het te midde van klip en sand waarop geen gras gegroei het nie, die sou ons tog sekerlik nie laat verhonger het nie, terwyl ons altyd smeekbedes tot Hom gerig het!? O, dit is verseker: Elohim verlaat nooit diegene wat hom smeek nie!

[3] Dawid, die groot koning, rig in sy ellende smeekbede tot Elohim en Elohim help hom uit sy groot nood en dit het nog nooit gebeur dat Elohim diegene wat hulp van Hom vra, nie verhoor het nie; dit sou dus `n onverklaarbare wonder gewees het as Elohim ons nie in ons groot nood verhoor het nie. Want Elohim is altyd vol liefde vir diegene wat tot Hom roep: “Abba, liewe Vader!” Daarom wil ons van nou af aan Hom bo alles, alles, alles liefhê! Slegs Hy is ons Redder! Ons aparte Vader het ons dit alles deur Sy aparte engele uit die hemele laat bring!”

[4] Toe sê die **ou man,** wat ook aan hierdie gesin behoort het by wie die hele dorp altyd bymekaar gekom het om na sy wyse woorde te luister, want hy ken die Skrif baie goed: “My kinders, vriende en broers! Daar staan immers in die Skrif: 'Uit die mond van kinders en suigelinge wil Ek My lof berei!’ En kyk, dit gebeur hier voor ons oë en ore! Ons liewe Vader het in Sy groot genade aan ons gedink en het dit vir ons gedoen! Aan Hom daarom al ons liefde en al die lofprysinge uit die monde van ons suigelinge! Want die lof uit ons monde is nie suiwer genoeg om welgevallig te wees aan die Mees Gewyde Een nie; daarom het Hyself die mond van ons suigelinge gewy. Maar laat ons nou na buite gaan na die Jongman wat sê dat ons na binne moes gaan en beslis geweet het wat Elohim vir ons gedoen het! Hy moet `n groot profeet wees - miskien selfs EliJaH, wat nog eenmaal vóór die verwagte en die al lank beloofde Messias sal kom!”

[5] **`n Klein kind,** wat nog maar net kon praat, vra: “Vader! As hierdie man dan nou dalk Self die Beloofde een is?”

[6] **Die oue** sê: “O kind, wie het jou dit so duidelik laat sê? Jy praat nou nie soos `n kind nie, maar soos `n wyse in die tempel in Jerusalem!”

[7] Daarop sê **die kind:** “Dit weet ek nie, liewe vader; maar ek weet wel dat ek aanvanklik veel moeite gehad het om te praat en dat dit nou buitengewoon maklik gaan. Maar waarom vind u dit vreemd? Elohim se wonders is hier tog oral om ons heen!”

[8] “Ja, ja, jy het gelyk”, sê **die oue,** terwyl hy die kind teen hom vasdruk, “hier is nou alles wonders en jy het jou beslis nie vergis omdat jy die Jongman selfs vir die Messias aangesien het nie. Want vir ons is dit sekerlik Hy! Maar nou gaan ons na Hom toe en dan sal ons Hom ook in die Naam van Elohim die toekomende dank bring! Want Hy is sonder twyfel deur Elohim na ons toe gestuur. Laat ons nou dus vinnig na buite na Hom toe gaan!”

[9] Hulle haas hulle nou almal na buite na My toe en die klein kindertjies is die eerstes wat aan My voete neerval en dit met hulle onskuldige, suiwere trane van dankbaarheid en vreugde natmaak!

[10] **Ek** hef nou My hoof omhoog na die hemelkoepel en sê luid: “Julle hemele! Kyk omlaag en leer van hierdie kinders hoe julle Elohey en Vader geprys moet word! O skepping, hoe eindeloos groot en oud is jy en hoe ontelbaar veel wyse inwoners besit jy, en tog kon jy die weg na die hart van jou Skepper, van jou Vader, nie vind soos hierdie klein kindertjies nie! Daarom sê Ek vir julle: **'Wie nie na My toe kom soos hierdie kleintjies nie, hulle sal die Vader nie vind nie!’”**

[11] Toe gaan Ek sit en seën en liefkoos die kinders. En **die klein kindjie** sê aan die ou man, wat, omdat hy nie heeltemal begryp het wat daar aan die gang was nie, uitroep, “Wat beteken dit? Hoe so? Hoe moet ons dit opneem?” - “Vader, méér as EliJaH is hier, méér as jou Messias! **Hier is die Vader Self, die goeie Vader, wat ons brood, melk en kleding gebring het!”**

[12] Die ou man begin te huil; maar **die kleintjie** lê sy hofie teenaan My bors, begin dit te kus en te streel en sê na `n rukkie: “Ja, ja, ek hoor dit; hier in hierdie bors klop die egte goeie Vaderhart! Kan ek dit ook maar kus!” Die **ou man** sê: “Kindjie, gedra jou tog!”

[13] **Ek** sê: “Julle moet julle almal so gedra soos hierdie kind nou, **anders sal julle nooit so naby die Vaderhart kan kom** soos hierdie allerliefste kind nie!”